



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**GESKIEDENIS V1
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 6 bladsye.

VRAAG 1 HOE HET DIE VYFJAARPLANNE RUSLAND IN 'n MAGTIGE STAAT OMSKEP?

BRON 1A

Hierdie bron probeer verduidelik waarom Stalin die landbou gekollektiveer het.

Kollektivisering was deel van die Eerste Vyfjaarplan. Dit was 'n poging om ontslae te raak van die eienaarskap van grond deur gewone mense en 'n poging om die voedsel-probleem in die Sowjet-Unie op te los. Voedsel-rantsoenering was in 1928 bekend gestel want die boere het begin om hul voedsel te versteek. Boere is gedwing om hul plase te oorhandig en saam te werk op reuse kollektiewe plase wat deur die staat besit en bestuur was.

BRON 1B

Hierdie foto beeld werkers op 'n kollektiewe plaas in die 1930's uit.



BRON 1C

Hierdie bron verduidelik die verband tussen landbou en industriële ontwikkeling.

Teen die laat 1930's, kon Stalin 'n balansstaat saamstel wat, vanaf sy standpunt, hom begunstig het. Vanaf kollektivisering, hy het 'n reservoir van vreesbevange kleinboere gekry wat hom van goedkoop industriële arbeid voorsien het. Tot 'n sekere mate, was hy ook in staat was om grondstowwe uit te voer ten einde te betaal vir die invoer van die industriële masjinerie. Bo alles het hy 'n einde gebring aan die herhaalde krisis wat die staat in die gesig gestaar met betrekking tot stedelike voedselvoorrade toe die staat se graan-opbrengs vanaf 10,8 miljoen ton in 1928-9 tot 22,8 miljoen ton in 1931-2 vermeerder het. Na kollektivisering, was dit die platteland, en nie die dorpe, wat honger gely het as die oes sleg was.

BRON 1D

Hierdie bron toon die industriële ontwikkeling van Rusland onder die Vyfjaarplanne.

Jaar	1927	1933	1937
Elektrisiteit (000 miljoen kW)	5	13	36
Steenkool (miljoen ton)	35	64	128
Olie (miljoen ton)	12	21	47
Staal (miljoen ton)	4	6	18

VRAAG 2 WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE TYDPERK VAN EKONOMIESE WELVAART IN DIE V.S.A. IN DIE 1920's?**BRON 2A**

Hierdie bron beskryf die impak van die beskermende tariewe op die Amerikaanse ekonomie.

Die Fordney-McCumber-tarief van 1922 beskerm spesifieke nywerhede, maar die impak daarvan op die bevolking is beperk. Die idee om die plaasboer te help deur landbou groter beskerming te gee, sal lei tot 'n toename in die lewenskoste van die werkers, wat dan sal lei tot verdere eise vir verhoogde lone. Hierdie eindelose siklus kan voortgaan totdat die Amerikaanse volk tot die besef kom dat om mense te help, beteken om hulself te help. Die land het hoofsaaklik floreer as gevolg van die na-oorlogse toestande in die buiteland en nie as gevolg van die impak van die Fordney-McCumber-tarief nie.

BRON 2B

Hierdie bron verduidelik die bydrae van krediet gedurende die "boom"-era.

Die massiewe verbruikers "boom" was grootliks deur krediet gefinansier. Teen 1929 is goedere ter waarde van byna \$ 7 miljard op krediet verkoop; dit sluit 75% van alle motorverkope in en die helfte van alle huishoudelike toestelle. Terwyl kredietfasiliteite beteken het dat verbruikers goedere, wat hulle andersins nie kon bekostig nie, kon koop, sou daar probleme wees indien hul finansiële omstandighede sou verander en hulle te veel goedere op krediet gekoop het. Almal was in die skuld, maar daar was min bekommernis hieroor. Dit het geskyn asof die welvaart van die 1920's vir ewig sou voortduur. Hierdie tydperk was 'n tyd van groot optimisme.

BRON 2C

Hierdie bron verduidelik hoe aandeelbelegging welvaart in Amerika verskaf het.

Na my mening behoort die rykdom van die land met rasse-skrede toe te neem. Ek is vas in my oortuiging dat enige iemand nie net ryk kan word nie, maar veronderstel is om ryk te wees. Die welvaart is soos 'n eindelose ketting en ons kan dit slegs breek deur te weier om dit te sien vir wat dit is. As 'n mens \$15 'n week spaar en dit in goeie aandele en effekte belê, en toelaat dat dit dividende en regte opbou, sal jy aan die einde van twintig jaar ten minste \$ 80 000 en 'n inkomste van sowat \$ 400 per maand hê. Jy sal ryk wees.

BRON 2D

Hierdie bron verduidelik die belangrikheid van die motorbedryf in die V.S.A.- ekonomie.

Die "boom" van die 1920's is gebou op die fondasie van die nuwe tegnologie, veral die motorbedryf. Talle ander bedrywe het in die 1920's as gevolg hiervan tot stand gekom; rubber, staal, olie, padkonstruksie, voorstedelike behuising, vulstasies en vele ander was afhanklik van motorverkope. Die motor het absoluut sentraal in die ekonomie gestaan. Die ware industriële oplewing het gehelp om optimisme en die geloof dat enigiemand ryk kon word, aan te wakker.

VRAAG 3 WAT WAS OORSAKE EN AARD VAN KLEURLING- EN INDIESE NASIONALISME?**BRON 3A**

Hierdie bron verduidelik waarom Kleurlinge hulself met die Swart onafhanklikheids- en anti-apartheidbewegings geïdentifiseer het.

Toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het hulle onmiddellik die 'kleurlingkwessie' aangespreek. Gemengde huwelike was verbied en die Ontugwet van 1950 was die eerste groot Apartheidswetgewing wat "verhoudings oor die kleurgrens" aangespreek het. Die Wet het 'n verbod op seksuele verhoudings tussen blankes en ander bevolkingsgroepe geplaas. Die Wet op Bevolkingsregistrasie het rasse omskryf in terme van fisiese voorkoms. Hierdie twee stukke wetgewing sou in die besonder 'n invloed op die lewens van Kleurling Suid-Afrikaners in die Kaap hê. Die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers van 1951 het kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder, en later het die Groepsgebiedewet Distrik Ses, 'n grootliks bruin woonbuurt van Kaapstad, vernietig.


Stemregkwessies was nie nuut aan die bruin mense nie. In 1905 het die bruin gemeenskap Dr. Abdullah Abdurahman, president van die African Peoples Organisation, na Londen gestuur, om te vra vir 'n nie-rassige stemreg. Teen die 1930's was Abdurahman se beleid, wat gebaseer was op demokratiese prosedures, te konserwatief vir baie jong radikale bruin mense. Later, toe die regering 'n Departement van Kleurlingsake (CAD) voorgestel het, is die Anti-CAD gestig. In 1943 het die groep saam met die All African Convention (AAC) die Non-European Unity Movement (NEUM) gevorm.

Al was NEUM redelik gematig in hul beleid, het die samewerking met die AAC 'n verskuiwing in die bruin mense se denke geïllustreer en bewys dat hulle nou gretig was om met ander rassegroepe saam te werk. As gevolg hiervan, in 1952, het kleurlingleiers hul by die Versetveldtog en die anti-apartheidstryd aangesluit.

BRON 3B

Hierdie bron verduidelik hoe die Groepsgebiedewet die inwoners van Distrik Ses geaffekteer het.

Baie was gedwing om in klein vuurhoutjiedosie-huisies in die groot vuurhoutjiedosie-townships in te trek. Die townships was met brutale en taktlose ironie name soos Hanover Park en Lavender Hill gegee om ons te herinner aan die verlede wat hulle van ons weggeneem het. Daar was een essensiële verskil tussen die ou en nuwe plekke; Distrik Ses het 'n siel gehad. Sy sentrum het behoue gebly totdat dit uitmekaar geskeur is. Al was dit nie onbesproke en foutloos nie, het dit 'n siel gehad wat sterk gebly het. Die nuwe vuurhoutjiedosie-konglomerate op die verlate Kaapse Vlakte het geen siel gehad nie. Die huise was siellose eenhede wat bymekaar gevoeg is om 'n uiteenlopende gemeenskap, wat 'n gebrek aan samehorigheid gehad het, te vorm.

**BRON 3C**

Dit is 'n aangepaste uittreksel wat handel oor die wette wat die Suid-Afrikaanse regering teenoor die Indiërs toegepas het.

“... Indiërs het 'n groot deel van die grond in sentraal Durban gedurende die beginjare van die oorlog bekom. Na aanleiding van die verslag van die Broome-Kommissie het die Parlement in 1943 die Vaspenwette ingestel. In 1946 het die Parlement hierdie wet permanent bekragtig. 'n Poging om die Indiërmening te paai deur hulle verteenwoordiging in die Parlement aan te bied in ruil vir die verlies van die reg om verdere grond te bekom, is deur die Indiërlaers verwerp.”

ERKENNINGS

- Bottaro, J *et al* 2006 In Search of History, Secondary Book 1 (Oxford University Press)
- Bottaro, J *et al* 2007 In Search of History - Grade 11 (Oxford University Press)
- Bottaro, J *et al* Oxford Successful Social Sciences Grade 8 (Oxford University Press)
- Brink, E *et al* 2006 History for All – Grade 11 (Oxford University Press)
- Deftereos, R *et al* 2007 Making History – Grade 11 (Heinemann Publishers)
- Ellis, P *et al* 2007 Shutters History Grade 11 (Shutters and Shooters Publishers)
- Govender, S *et al* 2007 New Generation History Grade 11 (New Generation Pub. Enterprises)
- Graves, F *et al* Moments in History - Grade 11
- Hugo, P *et al* OBE for FET History Grade 11 (Nasou via Africa)
- John, J. Raskob 'Everybody Ought to be Rich',
- Kallaway, P *et al* History Alive Standard 10
- Lane, P The USA in the Twentieth Century
- Manchester, W 1972 The Glory and the Dream: A Narrative History of America, 1932-1972
- Peter Clements, Prosperity, Depression and the New Deal, published in 2001)
- R. Service, A History of Twentieth Century Russia, published in 1997.
- Richard Rive Buckingham Palace District Six,
- Robert S. McElvaine, The Great Depression in America, 1924–1941, published in
- Seleti, Y *et al* 2006 Looking into the Past - Grade 11 (Maskew Miller Longman)
- Shephard, C *et al* Modern World History to GCSE
- W. Starr Myers, The Republican Party and the Tariff, January 1929. Starr Myers was a Professor of Politics sympathetic to the Republican ideal of laissez-faire.